# Suid-Afrika en Nederland: 'n Ekokritiese verkenning van 'plek' in Marlene van Niekerk se *Kaar* (2013)

**Dewald Koen**

***South Africa and the Netherlands: An ecocritical exploration of 'place' in Marlene van Niekerk's* Kaar *(2013)***

*This article discusses place as defined within an ecocritical paradigm. Buell's (2005) three dimensions of place are utilised to define and analyse 'place' in selected poems in Marlene van Niekerk's poetry anthology* Kaar *(2013). Different places in South Africa and the Netherlands respectively are explored by focusing on the interaction between the human and nonhuman animals within the context of the Anthropocene. Ecopoetry, bioregionalism, and emplacement are incorporated as part of the broader ecocritical discussion and applied within the ecocritical paradigm of this article. This allows for a much broader discussion of 'place' in Van Niekerk's* Kaar. *The article ultimately aims to demonstrate the importance of 'place' in Van Niekerk's* Kaar *within an ecocritical paradigm.*

## 1. Inleidend

Met hierdie artikel word daar ten doel gestel om 'plek' vanuit 'n ekokritiese paradigma te ondersoek. Die bespreking fokus spesifiek op gedigte in *Kaar* wat plek in onderskeidelik 'n Suid-Afrikaanse en Nederlandse konteks bestudeer. Volgens Snyman (2013: 1) is "[d]ie[1] ruimte dikwels in [Van Niekerk] se werk 'n bepalende faktor by die interpretasie van 'n gedig". Hy merk verder op: "Naas die land leef ook die flora en fauna van die land in die teks, en ruimte en tyd ontmoet mekaar gereeld in die seisoene. Die seisoene en die betrokke ruimte bepaal dikwels die lees en verstaan van 'n teks".

Vir die doel van die artikel moet daar eerstens onderskei word tussen die terme 'plek' en 'ruimte' binne die konteks van die ekokritiek, aangesien hierdie artikel slegs 'plek' binne die breë raamwerk van die ekokritiek ondersoek. Geselekteerde gedigte wat op onderskeidelik Suid-Afrika en Nederland fokus, sal vanuit 'n ekokritiese paradigma bespreek word deur konsepte soos 'ekopoësie', 'bioregionaliteit' ('n Noord-Amerikaanse reaksie op die omgewingskrisis waarin die mens- en niemensdier hulself tans bevind[2]) asook ingeplaaste skryf (soos deur Smith [2012a] gedefinieer) in my bespreking te betrek. Suid-Afrika en Nederland is doelbewus uitgesonder weens Van Niekerk se sterk band met haar geboorteland, Suid-Afrika, maar ook haar transnasionale stem[3] as digter wat onder andere in die tagtigerjare in Nederland gestudeer het en huidiglik daar woon. Van Niekerk se

sterk belangstelling in Nederland kom inhoudelik en tematies veral in haar bundel *Groenstaar* (1983) voor. Haar jongste twee bundels *Gesant van die mispels. Gedigte by skilderye van Adriaen Coorte ca. 1659–1707* (2017a) en *In die stille agterkamer. Gedigte by skilderye van Jan Mankes 1889–1920* (2017b) fokus onder andere op die Nederlandse skilders Adriaen Coorte en Jan Mankes en bestaan uit ekfrastiese gedigte gebaseer op van hul skilderye. Die digter-spreker se band met Suid-Afrika en Nederland resoneer sterk in die gedigte deur middel van die taalverbintenis tussen die gedigte wat in beide Afrikaans en Nederlands verskyn. Ook in haar bundel *Kaar* kom verwysings na Nederland asook Nederlands as taal sterk na vore en sal 'plek' vanuit 'n ekokritiese paradigma in die artikel verken word.

## 2. Plek: 'n Ekokritiese besinning

Soos in die inleiding genoem, moet 'plek' as teoretiese paradigma binne die ekokritiek uiteengesit word, aangesien dit van die term 'ruimte' verskil. Dit stel ten doel om 'plek' as konsep in die artikel vir die leser te kontekstualiseer. Die ekokritiek is 'n teoretiese paradigma wat in drie hoofstrome verdeel kan word, naamlik diep (radikale) ekologie, ekofeminisme en sosiale (Marxistiese) ekologie. Daarmee saam het golwe (of strominge) ontstaan wat die veranderinge in die ekokritiek deur die loop van die twintigste- en een-en-twintigste eeu aandui. Hierdie vier golwe is met die drie hoofstrome van die ekokritiek verweef en staan nie apart van die drie hoofstrome nie. Tans bevind die mensdier hom- of haarself in die vierde golf wat aangedryf word deur die nuwe materialisme in omgewingsestetika. In die konteks van die Afrikaanse asook die Suid-Afrikaanse letterkunde word daar na die vier golwe as geheel gekyk in die oorkoepelende raamwerk van die ekokritiek, aangesien die golwe nie soos in die Noordelike Halfrond oor dekades ontstaan het nie. Die golwe staan dus nie apart van mekaar nie, maar funksioneer as 'n ineenskakeling van golwe of strominge wat met die verskillende lae van die drie hoofstrome van die ekokritiek in wisselwerking tree.

Die Amerikaanse skrywer en omgewingsaktivis Wendell Berry (in Dreese, 2002: 1) is van mening dat die mensdier[4] eers moet weet 'waar' hy of sy hom- of haarself bevind voor hy of sy kan weet wie hy of sy is. Derhalwe merk Evernden (1996: 100) op:

> There appears to be a human phenomenon, similar in some ways to the experience of territoriality, that is described as aesthetic and which is, in effect, a 'sense of place', a sense of knowing and of being part of a particular place.

Berry en Evernden beklemtoon in hul onderskeie besprekings die mensdier se gehegtheid aan plek op soortgelyke wyse as die niemensdier se gehegtheid aan sy of haar territoraliteit. Volgens Casey (1996: 285-330) het plekteorie in die later jare van die twintigste eeu opnuut belangstelling onder teoretici gewek. Vir die meeste Afrikaanssprekendes (asook sprekers van ander tale waarin die terme gebesig word, soos byvoorbeeld Engels) blyk daar weinig verskil tussen terme soos 'plek' en 'ruimte' te wees. Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) word "plek" gedefinieer as "'n posisie in die/'n ruimte [of] besondere deel van 'n ruimte" terwyl "ruimte" as 'n "plek waarin jy kan beweeg of jou kan uitstrek" gedefinieer word (Luther et al., 2015: 988). Laasgenoemde definisies klink heel voor die hand liggend, maar die geograaf Yi-Fu Tuan (1977: 6) beklemtoon in *Space and Place: The Perspective of Experience* (1977) dat plek en ruimte met mekaar in wisselwerking tree om 'plek' en 'ruimte' as terme in die ekokritiek te kan definieer. Vervolgens voer hy aan dat ruimte meer abstrak is as plek: "What begins as undifferentiated space becomes place as we get to know it better and endow it with value" (Tuan, 1977). Plek is dus omheinde of afgekampte menslike (hier verwys ek spesifiek na die mensdier) ruimte, aangesien plek 'n tipe objek is. Plek(ke) en objek(te) gee konteks aan ruimte wat aan laasgenoemde term 'n geometriese persoonlikheid verleen (Tuan, 1977: 6).

Op sy beurt bespreek die ekokritikus Lawrence Buell in *The Future of Environmental Criticism: Environmental Crises and Literary Imagination* (2005) die verskille tussen plek en ruimte as geografiese konsepte. Volgens Buell (2005: 63) verwys die term 'ruimte' na "'n geometriese of topografiese abstraksie" terwyl 'plek' na 'n bepaalde ruimte verwys waaraan menslike betekenis gekoppel word. In sy definisie van plek plaas Buell (2005: 145) veral klem op die mens[dier] se persoonlike verbintenis met plek en beklemtoon ook die materiële aard van plek:

> Place is succinctly definable as space that is bounded and marked as humanly meaningful through personal attachment, social relations, and physiographic distinctiveness. Placeness, then, is co-constituted environmentally, socially, and phenomenologically through acts of perception. Place connotes not simply bounded and meaningful location but also dynamic process, including the shaping of place by outside as well as internal influences.

Volgens Buell se omskrywing kan plek dus 'sensories' of 'emosioneel' deur die mensdier ervaar word. Walter (1988: 142) sluit by Buell aan en stel dat plek deur die mensdier "gesien, gehoor, geruik, verbeel, liefgehê, gehaat, gevrees en bewonder" kan word. Die Nederlandstalige betekenis van die bundeltitel, *Kaar*, soos in die gedig "Woordverklaring" (Van Niekerk, 2013: 20) gedefinieer, sluit by Buell se omskrywing van plek as "a spatial container of some sort" aan.

Smith (2012a: 902) voer aan dat die suggestie van 'plek' as 'n spreekwoordelike vorm van "behouering" of "houer" aansluit by die Nederlandstalige definisie van die bundeltitel. Dit is opvallend dat verskeie gedigte in *Kaar* die persoonlike verbintenis en verwantskap van die mensdier met 'plek' asook die materiële aard daarvan verwoord en beskou kan word as "a spatial container of some sort" (Buell, 2005).

Buell (2005) stel verder dat plek as "associatively thick" en ruimte as "associatively thin" gesien kan word. Hy is van mening dat ruimte nie die mensdier se identiteitsverbintenis dra soos in die geval tussen die mens[dier] en plek nie. Ruimte is dus die mensdier se onbewoonde landskap en verander na plek sodra die mensdier hierdie spesifieke landskap bewoon. Die woord 'landskap' se hedendaagse betekenis kan toegedig word aan die Nederlandse 'landschap'-skildery. Buell (2005: 142) definieer landskap as die voorkoms van 'n area, 'n samevoeging van objekte wat daardie voorkoms skep of die area opsigself. Die term 'landskap' verwys grotendeels na landelike eerder as stedelike kontekste. Plek verwys dus na die mensdier se bewoonde landskap. Laasgenoemde plek word bepaal deur merkers soos bome, riviere, dorpe of stede asook sosiale konsensus en individuele menslike verbintenis met 'n plek[5]. Buell sluit by Casey (1996: 31) aan wat beklemtoon dat plek onafskeidbaar is van die konkrete en gedefinieer word deur soortgelyke merkers. Volgens Tuan (1977) kan plek se waarde gemeet word aan die biologiese behoeftes wat dit aan die mensdier voorsien, soos byvoorbeeld water, skuiling of voedsel.

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat daar ten spyte van die verskeidenheid definisies talle raakpunte bestaan ten opsigte van wat presies 'plek' in die konteks van die ekokritiek behels. Laasgenoemde definisies van plek is relevant met spesifieke verwysing na gedigte oor Suid-Afrika en Nederland in *Kaar*. Plek sal deur middel van Buell (2005) se drie dimensies van plek in die konteks van die ekokritiek aan die hand van geselekteerde gedigte oor Suid-Afrika en Nederland in die artikel bestudeer word.

## 2.1 *Ekopoësie en ingeplaaste skryf*

Vir die doel van hierdie artikel dien ekopoësie as vertrekpunt vir my bespreking van die term 'ingeplaaste skryf' aangesien dié term volgens Smith (2012a) direk by Buell (2005: 63) se drie dimensies[6] van plek, naamlik die materiële, die verband met plek asook 'n taalbewuste skryfaksie in die konteks van die ekokritiek, aansluit.

In haar artikel "Plek en ingeplaaste skryf: 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk" stel Smith (2012a: 924) die term "ingeplaaste skryf" of "ingeplaaste skryfaksie" as doeltaalterm vir onderskeidelik

'emplacement' en 'emplaced writing' voor.[7] Sy stel dat Buell (2005) se drie merkers van plek "'n waardevolle verwysingsraamwerk aan die ekodigter en -kritikus bied waarbinne daar na plek gekyk kan word as sentrale merker van die ekopoëtiese skryfaksie". Volgens Smith (2012a: 902) behels ingeplaaste skryf "dat die digter bewus moet wees van hoe die plek moet wees, van hoe die plek gewees het, hoe dit geword het soos dit tans is, hoe dit geaktualiseer word en wat dit kan word".[8] Opvallend omtrent Smith se definisie van 'ingeplaaste skryf' is die relevansie wat dié definisie binne die konteks van die Antroposeen beklee. Die term 'Antroposeen' is in 2000 deur die chemikus en Nobelpryswenner Paul J. Crutzen en die bioloog Eugene Stoermer by 'n konferensie in Meksiko geopper (Barry, 2009: 264 en Castree, 2014: 234). Barry (2005) beskryf die Antroposeen as "the human age" oftewel die 'era van die mens' aangesien beduidende bewyse van menslike aktiwiteit, waarvan die meeste negatief gestem is, tydens dié spesifieke geografiese tydperk gevind kan word. In die huidige tydvak waarin die mensdier sigself bevind, is dit van kardinale belang vir die digter-spreker om van 'plek' bewus te wees, veral weens die mensdier se destruktiewe houding en aksies teenoor die niemensdier en die natuur. Buell (2005) se drie dimensies van plek kan skematies soos volg uiteengesit word:




Laasgenoemde drie dimensies beklemtoon die volgende aspekte ten opsigte van plek in 'n ekogedig (of ekopoësie): Eerstens verwys Buell (2005) na die materiële, met ander woorde die fisiese geplaastheid van die digter-spreker in 'n spesifieke ruimte, soos byvoorbeeld in die gedig "Seun wat visvang" (Van Niekerk, 2013: 10-13) waar die "vaalhaarseun" homself "by die "maalgat" bevind waar hy van plan is om te hengel. Die "vaalhaarseun" bevind homself fisies by die maalgat waar hy spesifiek met die niemensdier (naamlik die "geelvis[se]") in wisselwerking tree. Tweedens word die klem geplaas op die digter-spreker se verband asook persoonlike kontak met die plek waar die digter-spreker in gesprek tree met plek. In dié opsig

dien Van Niekerk (2013: 177-182) se "Brief aan Suid-Afrika" as voorbeeld waar die digter-spreker met die plek (naamlik Suid-Afrika) in gesprek tree:

> Suid-Afrika,
> Luister mooi, ja, jy daar aan die onderpunt
> tussen twee seë, skerpkant van die klipwerktuigkontinent,
> godweethoe uit die oksel van die onderste Amerika geskouer:
> langs my klapper 'n hond sy ore in 'n hok van sink,
> af en toe klink 'n geweerskoot maar moenie dat dit jou afskrik nie,
> Suid-Afrika, ek sit hier op 'n veilige afstand in 'n land
> wat lyk soos die laars van Klein Duimpie
> gekaart in die Middellandse See.

Die gesprek tussen die digter-spreker en die plek (Suid-Afrika) is 'n gesprek wat in briefvorm tussen die digter-spreker en die plek plaasvind. In haar resensie van *Kaar* beskryf Bezuidenhout (2013) die gedig (dus die 'brief') as "berekend banaal" van toon. Die geskrewe gesprek wat vanuit Italië geskied dui die digter-spreker se verband met die plek aan, naamlik Suid-Afrika. Die digter-spreker verskaf verskeie merkers aan die leser waaruit die leser kan aflei dat sy haarself in Italië bevind. Enkele voorbeelde sluit in die verwysing na "'n land / wat lyk soos die laars van Klein Duimpie / gekaart in die Middellandse See", "die rooi angeliere op die wapenskild van Nero" asook die direkte verwysing na die land wanneer die digter-spreker bieg dat sy "fokkol vir Italië [voel]". Buell (2005) se derde dimensie verwys na 'n taalbewuste skryfaksie waardeur taal ingespan word as waarnemings- en konstruksie-instrument en daardeur die sosiale dimensie van taal aktiveer. Volgens Russo (2008: 2) kan taal as 'n 'persepsie en konstruksie-instrument' deur die ekodigter gebruik word om die digter-spreker se materiële ingeplaastheid of die "environ-ment" [*sic*] (dus die plek) van die digter-spreker te verwoord. In die gedig "Teorie en praktyk van die digkuns in 'n era van aardgas (Vir die meesters van Shell, 'n boodskap uit Suid-Afrika)" (Van Niekerk, 2013: 172-174) word die digter-spreker se taalbewuste skryfaksie ingespan om haar materiële ingeplaastheid sowel as 'plek' te beskryf:

> Nie dat daar 'n oomblik sonder fraktuur
> bestaan waar die digters swyend in die stil rooi stof
> van die dageinde sit by 'n vetplant, 'n klip, 'n sandakkedis –
> ons ydelheid verhoed dit, ons radbraak ons sinne
> om jou aandag te kaap. Net soos die eerste godvergete Jan
> weet jy de fok nie wat jy hier begin nie, boetie.

> In die emalje aandlug van Spes Bono, sestig myl anderkant Cradock
> waar godgloeiend geel met rooi gestriem jou jakobskulp
> sy intog bo die garingbome maak

Hierdie uittreksel uit strofe vier dien as voorbeeld van die digter-spreker se politiese boodskap waarin sy haar teen Royal Dutch Shell se poging om skaliegas (aardgas) in die Karoo te ontgin, verset. In hierdie opsig kan dié gedig beskou word as 'n voorbeeld waarin politieke taal as "resistance writing" (soos deur Relke, 1999: 289, omskryf) aangewend word. Terselfdertyd gebruik die digter-spreker taal as 'n instrument waardeur die plek deur middel van 'kognitiewe kartering' (Russo, 2008: 2) beskryf word met verwysing na "die stil rooi stof / van die dageinde sit by 'n vetplant, 'n klip, 'n sandakkedis […]" sowel as "sestig myl anderkant Cradock / waar godgloeiend geel met rooi gestriem jou jakobskulp / sy intog bo die garingbome maak" (Van Niekerk, 2013: 173). Die digter-spreker se beskrywende (en kreatiewe aanwending) van taal stel die leser in staat om die plek (in hierdie geval die Groot-Karoo) kognitief te visualiseer soos waargeneem vanuit die digter-spreker se perspektief.

Soos in die voorafgaande bespreking van die gedig, vertolk 'plek' aldus Buell (2005) 'n belangrike rol in ekopoësie. Op sy beurt voer Bryson (2005: 11) aan dat ekodigters daarop fokus om die mensdier se aandag te verskuif deur hul eie omgewing as 'plek' in plaas van leë, onbekende liggings te beskou. In die ekogedig word die wêreld gesien as 'plek' eerder as 'n hulpbron of bloot die 'omgewing'. Bryson (2005: 16) is van mening dat die mensdier minder geneig sal wees om plek deur middel van hul optrede (veral tydens die Antroposeen) te misbruik as in die geval van 'n geografiese ligging waaraan die mensdier geen intrinsieke waarde heg nie. Ter illustrasie verwys ek na die ruimte wat buite die aarde se ekosfeer val. Die mensdier heg min indien enige intrinsieke waarde aan dié ruimte wat die mensdier bloot as fisieke 'ruimte' ver verwyderd van sy/haar daaglikse bestaan beskou. Die ruimte (dus buite die aarde se ekosfeer) wek geen emosies by die mensdier nie en bevat nie enige merkers soos bome, riviere of stede nie. Dit dien bloot as wentelbaan vir satelliete. Gevolglik bestaan daar min indien enige noodsaak vir die mensdier om die aantal wrakstukke en ander puin wat in die aarde se wentelbaan swerf, te beperk of te verwyder. Die ruimte-afval bewys dat die mensdier selfs in staat is om die buitenste ruimte deur middel van tegnologiese vooruitgang te besoedel.

Met 'misbruik' verwys ek na die mensdier se destruktiewe gedrag teenoor die niemensdier en die natuur tydens die Antroposeen. Besoedeling, oorbevolking, gronderosie, ontbossing, onvolhoubare benutting van natuurlike hulpbronne en die uitwissing van spesies is maar enkele voorbeelde van die mensdier se

negatiewe uitwerking op die niemensdier en die natuur. In dié opsig stel Berry (in Bryson, 2005: 21) dat "a sense of place ('domesticity') provides us not only with shelter and safety but also a desire to protect and 'steward' the land and environment to which we belong". Laasgenoemde stelling vorm deel van 'n gebalanseerde ekologiese wêreldbeskouing wat tydens die Antroposeen van kardinale belang is vir die voortbestaan van alle lewende organismes op die planeet. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie stellings deur sommige ekokritici as antroposentries beskou kan word weens, soos Berry (Bryson, 2005: 21) dit stel, die siening van die mensdier as "steward [of] the land".

Op grond van Berry (in Bryson, 2005: 21) se uitspraak, is dit belangrik om kennis te neem van die term 'bioregionaliteit'[9] in die konteks van hierdie artikel oor plek. Die term 'bioregionaliteit' is in 1975 vir die eerste keer deur die stigter van die Instituut vir Bioregionale Navorsing, Allen van Newkirk, gebruik en later deur Peter Berg en Raymond Dasmann bevorder (Roodtman, 2022: 81). Lynch, Glotfelty en Armbruster (2012: 3) voer aan dat bioregionaliteit as filosofie vereis dat die mens[dier] se bioregionale denke ontwikkel word om die aarde te red. Volgens Roodtman (2022: 82) kan bioregionaliteit as 'n "politieke, kulturele, en ekologiese stelsel beskou word wat op natuurlike areas, naamlik biostreke gebaseer is". Bioregionaliteit kan derhalwe as 'n inklusiewe lewenswyse beskou word (Haenke, 2017) wat wegbeweeg van 'n biosentriese en/of antroposentriese perspektief. In die konteks van die Antroposeen vertolk bioregionaliteit 'n belangrike funksie om 'n gebalanseerde wisselwerking tussen die mens- en niemensdier te bewerkstellig. Vanuit 'n diep ekologiese perspektief is dit belangrik dat die mensdier se gedrag verander deur die niemensdier en die natuur as gelykes te ag. Capra (1995: 20) se siening van diep ekologie is in dié opsig toepaslik: "It does not see the world as a collection of isolated objects but rather as a network of phenomena that are fundementally interconnected and interdependent". Die mensdier is veronderstel om in die Antroposeen 'n diep ekologiese houding ten opsigte van 'plek' na te streef – 'n strewe wat Van Niekerk as digter-spreker in *Kaar* deur middel van sekere gedigte verwoord.

Volgens Smith (2012b: 514) staan "[d]ie verhouding tussen die spreker-digter en die landskap sentraal in die ekogedig en [word beskou as] een van die belangrikste kenmerke van ekopoësie". Waar die 'groen gedig' bloot die interaksie tussen die mensdier met die niemensdier, landskap of taal byeenbring, word die ekogedig 'plek'. Dié plek word 'n samevoeging van die digter-spreker se woorde en/of gedagtes (dus taal) met die materialiteit van die niemensdier en die natuur, insluitend plante, son, maan, sterre, lug, water en berge om maar enkele voorbeelde te noem. "Wanneer die landskap verandering ondergaan, hetsy fisies, polities of ekonomies, het dit 'n effek op die spreker-digter" (Smith, 2012b).

Die belangrike rol wat plek in die ekogedig vertolk, gaan gevolglik op grond van onder andere Buell (2005) se drie dimensies van plek binne die konteks van die ekokritiek asook ingeplaaste skryf (of ingeplaaste skryfaksie), soos deur Smith (2012a: 924) omskryf, bespreek word. Die geselekteerde gedigte fokus spesifiek op Suid-Afrika as Van Niekerk se 'moederland' (of geboorteland) en Nederland waaroor sy al sedert die tagtigerjare dig.

## 3. Plek: Nederland in *Kaar*

Van Niekerk as digter koester sedert die tagtigerjare 'n nou band met Nederland soos die talle gedigte met verwysing na Nederland in haar tweede bundel *Groenstaar* (1983) aandui. Volgens Kannemeyer (1988: 431) toon Van Niekerk "'n tematiese verwantskap met 'n latere [Elisabeth] Eybers, Lina Spies en Fanie Olivier, al lewer sy haar eie besonderse bydrae deur die hulde aan die Hollandse wêreld en landskap". Dertig jaar later figureer gedigte met verwysing na Nederland weer eens in *Kaar.* Dit is binne hierdie konteks waarin Viljoen (2017a) ondersoek instel na Van Niekerk as transnasionale digter. Volgens Viljoen (2017a: 136) gebruik "Ramazani die term *transnasionaal* vir gedigte en ander kulturele werke wat nasionale grense oorsteek, hetsy op stilistiese, topografiese, intellektuele of enige ander vlak". Met die term 'transnasionaal' stel Jahan Ramazani in sy boek *A Transnational Poetics* (2009: 181) die volgende ten doel: "To highlight flows and affiliations not among static national entities, as sometimes suggested by 'international', but across the borders of nation-states, regions, and cultures". Van Niekerk kan dus op grond van Ramazani (2009) se definisie van transnasionale poëtika as transnasionale digter beskou word weens haar oorskryding van nasionale grense tussen Suid-Afrika en Nederland soos dit in verskeie gedigte in haar bundel *Kaar* asook in haar vroeëre en haar mees onlangse bundels resoneer.

In *Kaar* is dit opvallend hoe die digter-spreker veral tydens staptogte haar waarneming van die niemensdiere wat hulle in stedelike 'plekke' in Nederland bevind, beskryf. Enkele voorbeelde sluit in swane (23 en 115), meeue en koete (37) asook 'n mol, valk en merel (112). Die gedig "Allochtone anekdote" (Van Niekerk, 2013: 112-113) dien myns insiens as voorbeeld van 'n gedig waarin Van Niekerk as digter-spreker die plek vanuit 'n ekokritiese blik deur middel van Buell (2005) se merkers waarneem. Alhoewel die gedig nie noodwendig deur alle lesers op die oog af as 'n ekogedig beskou sal word nie, bevat die gedig 'n subtiele ekologiese tema wat veral op die interaksie tussen die mensdier en niemensdier in die konteks van die Antroposeen fokus:

Tussen silwer lug en bodem-ys sien ek,
bebril, ’n toringvalk sig steeds verstipter
in ’n hoek vasbid, ek voel sy jag-askese
my innerlik bespook, sy inspanning
en fokus, sy volharding, ek halt, blaas wolke
wasem voor my uit waarin ’n hopie turf
opdoem, ’n mol wat agterpote
wip uit vrees vir vasvries, of verweer
teen reeds bevrore blindheid. Ek poets
my regter- en my linkerlens,
tot ek die volle ketting sien van oorsaak
en gevolg: uit die vlierbos land waaragtig,
haaks onder die valk, ’n merel wat na wurms
skrop in presies dieselfde molshoop, wat,
deur waarneming dusdanig toegenome
in ontologiese gewig, tesame met gods
kommer oor die kleinste, duidelik vra
vir ’n gedig. Maar dan, as pretbederwer,
hel ’n fietser met fluoressente broek,
toegerus met MP3 zoemend groen
ons tegemoet, uit sy smoel kom die gekerm
waarmee hy stilte in sy ore spoel. Hy rem
en glipwiel van die gladde pad tot in die berm,
werp vilein ’n blik na my wat ekskuserend wys
na waar die merel soek, die valk mik
die mol uit skop, en swets: wat sta je
godverdomme midden op de weg naar niets
te kijken, allochtone trut! En so, verban
uit ons gedeelde ryk van sin en teken
wyk ek, my valk en mol en merel
wyl die heerskap op sy fiets geepad
onder die vlag van deus abscondicus:
homo, neque ludens, neque symbolicus.

Onder my lamp ’n halfuur later
vang ek dié twintigtwaalfse euro-burger,
en pen die foute vlinder op my skerm vas:
Tog triest, vind u nie, dat Spinoza
lokaal verdwyn het tesame met die gulden?

Die eerste merker waarna gekyk gaan word, is van toepassing op die materiële, met ander woorde die fisiese geplaastheid van die digter-spreker in 'n spesifieke ruimte. Die spreker bevind haarself in 'n plek vanwaar sy die niemensdier waarneem: "[t]ussen silwer lug en bodem-ys sien ek, / bebril, 'n toringvalk". Sy staan in die pad ("die gladde pad" asook "op de weg") vanwaar sy "die volle ketting van oorsaak / en gevolg [sien]". Sy betrag die interaksie tussen drie niemensdiere in die plek. Die leser kan aflei dat dit heel waarskynlik winter is met verwysings na "silwer lug en bodem-ys", "blaas wolke / wasem voor my uit" en "uit vrees vir vasvries".

Smith (2012a: 902) wys daarop dat "materiële ingeplaastheid nie los te maak [is] van taal of van die digter nie". Sy verwys na die mensdier (oftewel die digter-spreker) se "binne-die-liggaam ervaring" wat na die digter-spreker se emotiewe, sensoriese en intellektuele bewussyn verwys. In dié opsig bevat die gedig verwysings na die digter-spreker se binne-die-liggaam ervaring. Die spreker neem waar deur haar bril waarvan sy "[haar] regter- en [haar] linkerlens [poets] / tot [sy] die volle ketting van oorsaak en gevolg" kan waarneem – dus 'n sensoriese ervaring. Sy "voel [die toringvalk] jag askese / [wat haar] innerlik bespook, sy inspanning / en fokus, [asook] sy volharding". Vanuit 'n intellektuele bewussyn bevind die spreker haarself "'n halfuur later [onder haar lamp] / [waar sy] dié twintigtwaalfse euro-burger, / die foute vlinder op [haar] skerm vas[pen]". Die spreker vind die "fietser met 'n fluoressente broek" wat haar as "allochtone trut" aangespreek (of eerder uitgeskel) het, onaanvaarbaar en daar bestaan die behoefte by haar om oor hierdie "euro-burger" te dig, aangesien sy die fietsryer se onbeskaamde antroposentriese (asook seksistiese en xenofobiese) houding "tog triest" vind. Laasgenoemde subjek koester nie sy landgenoot, die filosoof Baruch Spinoza, se siening ten opsigte van die niemensdier en die natuur nie. Spinoza (in Lovejoy, 2009: 188) voer aan dat "not everything is created for human ends" en dus staan die fietsryer se houding en optrede in direkte kontras met Spinoza se filosofiese siening. Ook Bryson (2005: 11) se beskouing rondom die ekogedig as 'n tipe gedig waarin die wêreld as 'plek' gesien word eerder as 'n hulpbron of bloot as 'omgewing' is van toepassing. Verder dui die materiële soos die verwysing na "my lamp" en "skerm" ook op plek waar die digter haar skryfaksie binnenshuis uitvoer en sodoende plek op kreatiewe wyse daarstel.

Die spreker skep ook verband met 'plek' deur met die plek in gesprek te tree. Die spreker tree myns insiens met die plek in gesprek deur middel van die gedig wat sy daaroor gaan skryf. In dié opsig verwys ek na versreëls 17-18 waarin die plek en aksie wat sy waargeneem en ook sensories ervaar het "duidelik vra vir 'n gedig". Op hierdie wyse het sy die niemensdier, naamlik

die valk, die mol en die merel se interaksie met mekaar waargeneem, maar ook ’n onaangename insident meegemaak toe ’n fietsryer haar as “allochtone trut” aangespreek (uitgeskel) het: “Onder my lamp ’n halfuur later / vang ek dié twintigtwaalfse euro-burger, / en pen die foute vlinder op my skerm vas”. In laasgenoemde versreëls word die spreker se plek deur middel van ’n geskrewe, kreatiewe gesprekvoering geskep.

In die gedig is die taalbewuste skryfaksie opvallend, aangesien daar taalkundig duidelike voorbeelde van Nederlandstalige woorde is wat direk aan ’n spesifieke plek gekoppel kan word. Gevolglik word die taalgebruik in die gedig ’n waarnemings- en konstruksie-instrument waardeur plek geskep word. Nederlandstalige woorde soos “fietser” (in plaas van die Afrikaanse “fietsryer”), “berm” (’n strook grond wat langs ’n pad geleë is), swetswoorde soos “godverdomme” en “trut” (onelegante [saai] of onnosel vrou), “triest” (hartseer) asook die fietsryer wat die spreker in Nederlands aanspreek, dra by tot die verband wat tussen die plek en die digter-spreker geskep is. Meer eksplisiete verwysings na “Spinoza” en “gulden” as eie aan Nederland is ook hier van toepassing. Russo (2008: 2) se kognitiewe kartering kom weer eens aan bod:

> Hy rem
> en glipwiel van die gladde pad tot in die berm,
> werp vilein ’n blik na my wat ekskuserend wys
> na waar die merel soek, die valk op mik
> die mol uit skop […]

Deur middel van kognitiewe kartering verkry dié plek gestalte in die leser se geheuebeeld deur die digter-spreker se taalgebruik.

Die titel van die gedig “Ruimtevaartbaan 2, Ijsselstein” verwys na die straatadres waar die spreker en haar geliefde woonagtig is. “Ruimtevaartbaan” is ’n straatnaam in Ijsselstein wat naby Utrecht in Nederland geleë is. Die titel dui gevolglik op ’n spesifieke plek wat deur die mensdier benoem is en ook bewoon word:

> Die wentelende aarde met ’n tenger lewelaag bedek
> word vanuit satelliete as waterbal met eilande
> aan ons gesig bestel. Die skuiwerende dag en nag
> wat oor haar ronding vee, haar ruimteklank
> van honderd-ses-en-dertig hertz bevreem my oog en oor
> wat aan die swaartekragte hier moet heg, verlam my rug
> wat ek moet regop trek met sy gewig, begoël my brein

wat daarvan sin moet maak in 'n powere gedig,
my hand maak sy gebare na my mond met sy geluid,
my siel buig hom in my, onrustig, ek weet
die mens is vog, volvoer sy voortbestemde plan
soos gras, stuur sy sade, koeëls of woorde weg
per spieëlretoer na lande waar hul wortel/skiet, hy
bly deur sy beperkte lense, tele-, mikro-, episkoop
soos ook die vlieg, die valk, blindverankerd in sy aard
van aanval, vlug, volhard en bloei. Niks wat ek daaraan,
daarvan, kan doen of red as met jou om vier 'n bakkie
Douwe Egberts drink, dan 'n wandeling in late sonlig
om die plas, daarna 'n maaltyd vis en prei, 'n grap, 'n wals,
die wêreldnuus, voorts maag aan rug gaan lepellê,
fluister, omdraai, droomgebiede binnetrek
in 'n omvarende, solied-vertroude vierkant bed.

Hierdie gedig is in twee opsigte van belang in terme van plek en ruimte soos binne die konteks van hierdie artikel. Eerstens verwys die spreker na die letterlike ruimte buite die planeet se ekosfeer vanwaar "[d]ie wentelende aarde met 'n tenger lewelaag bedek / vanuit satelliete as waterbal met eiland / aan ons gesig bestel [word]". Die spreker verwys na die mensdier, niemensdier en die natuur as 'n "tenger lewelaag". As ekologies bewuste spreker dui dié woorde op 'n nie-antroposentriese houding aangesien die spreker kennis neem van die uitdagings wat alle lewende organismes tydens die Antroposeen op die "wentelende aarde" affekteer. Die mensdier word met die natuur vergelyk wanneer die spreker opmerk: "die mens is vog, volvoer sy voortbestemde plan / soos gras, stuur sy sade, koeëls of woorde weg / per spieëlretoer na lande waar hul wortel/skiet". Ironies verwys die spreker deur middel van woordspeling met "wortel/skiet" ook na die mensdier se gewelddadige natuur met verwysing na "koeëls" en "skiet". Laasgenoemde dui op konflik of oorlog wat die mensdier op die aarde teen mekaar voer, maar kan moontlik ook figuurlik beskou word as die mensdier se 'oorlog' teen die niemensdier en die natuur tydens die Antroposeen. Die spreker voel "begoël" deur die natuur, die skepping, die planeet en alle lewende organismes wat op die planeet ("aarde") leef en woon. Die "aarde" is waar die mensdier ruimte tot plek omskep soos aan die einde van die gedig aangedui word. Die spreker onttrek haar aan die spreekwoordelike "ruimtevaartbaan" en keer terug na haar plek, naamlik haar tuiste geleë te "Ruimtevaartbaan 2, Ijsselstein". Gevolglik word ook die bed as objek 'n vorm van plek, aangesien die spreker emosie daaraan koppel: "droomgebiede binnetrek / in 'n onvarende,

solied-vertroude vierkant bed". Daardie "vierkant bed" as plek laat haar veilig en gerus ("solied-vertroude") voel in die plek waar sy woon en waar sy haar daaglikse roetines as mensdier uitvoer.

Ook in die gedig "Hollandse wandeling" (Van Niekerk, 2013: 37) word plek deur middel van al drie dimensies wat Buell (2005) aan plek toeken deur die spreker tydens haar wandeltog verken. Gevolglik wil die spreker die leser intrek na plek deur middel van herkenning van hul eie omgewing sodat die leser dié plek as 'huis' of 'tuiste' sal beskou:

Oos gee grys op grys
op donkergrys
in 'n gloed van roosoranje,
terugkyk bied 'n vlammekim
van draketande,
vorentoe 'n grou kuns-piste
waar pixels pienk van kinders gly.
'n Teenwig meeue dein
aaneengespikkeld op die plas,
aan die voetpad regs die fuut
met sy fok gestreke,
links 'n galery van koete wit op swart,
sinkoop 'n laning berke
wat 'n dubbelreis na nêrens
in aaneengereënde poele dui,
omkeer tot 'n woning
met 'n moestuin na die suide,
drie bessiehulse noord,
agteroogs die sneeu
van konstante vorms,
ballingbioskoop.

In die gedig "Hollandse wandeling"[11] word die fisiese geplaastheid van die spreker deur middel van die materiële verwoord wanneer die spreker verwys na "die plas", "die voetpad", "'n laning berke", "'n woning / met 'n moestuin in die suide" asook "die sneeu". Die spesifieke ruimte word dus 'plek' weens die digter-spreker se fisiese geplaastheid tydens haar wandeling. Die digter-spreker tree in gesprek met plek wanneer sy alle materiële konstruksies (dus alles wat sy waarneem in haar fisiese geplaastheid) as 'n "ballingbioskoop" omskryf. Die spreker voel heel moontlik dat alles wat sy waarneem as 'n spreekwoordelike

film in ’n “bioskoop” rondom haar afspeel. Helaas word sy egter die “balling” binne hierdie “ballingbioskoop” wat sy “omkeer tot ’n woning / met ’n moestuin in die suide”.

’n Verdere interpretasie kan moontlik dui op die digter-spreker wat die “Hollandse” plek verlaat en “omkeer” (of terugkeer) na haar “moestuin in die suide”, naamlik haar plek (of tuiste) in Suid-Afrika. Deur middel van die digter-spreker se taalbewuste skryfaksie word ruimte tot ‘plek’ omskep wanneer taal as waarnemings- en konstruksie-element dien. In dié opsig is die digter-spreker se kreatiewe gebruik van taal met verwysing na woorde soos “vlammekim / van draketande”, “waar pixels pienk van kinders gly”, “’n galery van koete” en “’n laning berke / wat ’n dubbelreis na nêrens [onderneem]” opvallend. Die digter-spreker slaag daarin om deur middel van die drie dimensies wat Buell (2005) aan plek toeken, die ruimte tot plek te omskep. In hierdie geval word die ekogedig self ook plek, aangesien die materiële elemente van die natuur en niemensdier met die digter-spreker se gedagtes verweef word.

Die titel van die gedig “Hollandse landskap” verwys spesifiek na “landskap”. Soos reeds genoem, word die woord ‘landskap’ se betekenis toegedig aan die Nederlandse ‘landschap’-skildery. Buell (2005: 142) definieer landskap as die voorkoms van ’n area, ’n samevoeging van objekte wat daardie voorkoms skep of die area opsigself. Die term ‘landskap’ verwys grotendeels na landelike eerder as stedelike kontekste. In die gedig lewer die spreker kommentaar op die mensdier se “disrespek” vir sy of haar plek hetsy landelik of stedelik van aard soos in die geval van “Hollandse landskap”:

> ’n Kadaster met verglydingsgeute vir alles van rook tot gal,
> ’n raster van geleiding waarin alle dele onaansteeklik
> in die tange maal, ’n onbelemmerde behang van bane,
> drade, spore, tonnels – staketsel wat beskawing heet.
> Hier is die hapering geskrap, verdwaalkans nul, elke teenwind
> in ’n turbowiek gevang, weerkaatsingskans vir water
> slegs toegestaan in skutkolke van skisofrene aandag,
> verder knotwilge, langhuis-boerderytjies deur kwilt-
> en panoramamakers opgestik met puriteinse selfgelykheidsdwang.
>
> Maar op halteskuttings, grintbergwande, boukete,
> koepeeflanke, op onderbrugse bunkers flits
> in die verbygaan soms ’n visuele afbraakstof,
> fel flertse disrespek, die florissante sweefspoor
> van een of ander radiolarus, glinsterend soos die sand

van oerwoestyne. In die hondswag, weet mens dan,
het hul gehang, tot aan die elmboë swart, die koppe opgejut
in hanekamme, jagend agter selfversplintering,
motiewe spieël, roteer, en skuiwe, grond teen teken
om en om in godvergewende gegalm:
die werk van pontifex graffiticus, die hinderman,
wind- en water-skieter, breekspulspinner.

Hoe sou die brawe Hollander in sy fatsoen verskrompel
sonder dié wilde muurwyn van die laaste geuse
die besmette petrogliewe van fluimkunskriminele?

Hierdie ruimte wat eens die "Hollandse landskap" verteenwoordig het, het plek geword deur middel van die mensdier se toetrede tot die ruimte. Die spreker vergelyk die stedelike plek met "'n kadaster". Laasgenoemde verwys na "'n register van vaste eiendom met [die] beskrywing daarvan" (Pieterse, 2017: 380). Die "vaste eiendom" dui daarop dat ruimte plek geword het en gekenmerk word aan merkers soos die strate wat deur die spreker as "'n onbelemmerde behang van bane, / drade, spore [en] tonnels" beskryf word. Ironies verwys sy na "'n staketstelsel wat beskawing heet". Dit is ironies dat die spreker na die plek as "beskawing" verwys, aangesien die daaropvolgende versreëls juis dié konsep uitdaag: "weerkaatsingskans vir water / slegs toegestaan in skutkolke van skisofrene aandag, / verder knotwilge, langhuis-boerderytjies deur kwilt- / en panoramamakers opgestik met puriteinse selfgelykheidsdwang". Die natuur in die plek word tot mensgemaakte objekte gereduseer ("kwilt- en panoramamakers") en word soveel as moontlik verdring om die mensdier se behoeftes tot "beskawing" te dien.

In die tweede asook die slotstrofe verskuif die spreker haar klem na die wyse waarop graffitikunstenaars as die sogenaamde 'nuwe landskapskilders' beskou word. Soos vroeër genoem, word die definisie van die woord 'landskap' semanties met Nederland verbind en is dié land ook bekend vir sy talle sewentiende-eeuse landskapskilders. Die digter-spreker beskryf hul kuns as "'n visuele afbraakstof, / [en] fel flertse disrespek" asook die kunstenaars as "fluimkunskriminele". Soos Tuan (1977: 6) aanvoer, kan plek ook aan die mensdier se kultuur verbind word. Die spreker word egter gekonfronteer met die vraag naamlik wat as 'fatsoenlike' of 'beskaafde' kuns binne dié "Hollandse landskap" beskou kan word. Is dié nuwerwetse landskapkuns, naamlik graffiti, deel van wat die spreker as die 'beskaafde' Nederlandse kultuur beskou? Heel waarskynlik nie, indien die leser die spreker se opmerking in die slotstrofe in ag neem: "Hoe sou die brawe

Hollander in sy fatsoen verskrompel / sonder dié wilde muurwyn van die laaste geuse / die besmette petrogliewe van fluimkunskriminele?" Met hierdie gedig demonstreer die digter-spreker die wyse waarop landskap, ruimte en plek vanuit 'n ekokritiese paradigma met mekaar in wisselwerking tree.

Naas die Nederlandse plek en ruimte vertolk ook Suid-Afrika as Van Niekerk se moederland 'n prominente rol in haar poëtiese oeuvre.

## 4. Plek: Suid-Afrika in *Kaar*

Volgens Viljoen (2017a: 143) bestaan daar 'n sterk band tussen Van Niekerk se poëtikale opvattings en voorkeure wat deur Europese voorkeure gevorm is. Laasgenoemde stelling is gebaseer op twee onderhoude met Louis Esterhuizen (2014 en 2016) waarin Van Niekerk haar Europese opvattings en voorkeure aan haar opleiding (in onder andere Nederland) toeskryf. Van Niekerk se sterk band met Suid-Afrika is egter onlosmaaklik deel van haar poëtikale oeuvre waarin sy in Afrikaans (en ook in Kaapse Afrikaans in *Kaar*) oor talle Suid-Afrikaanse kwessies soos geweld, korrupsie, misdaad, 'n gebrekkige onderwysstelsel en die nalatenskap van kolonialisme in Suid-Afrika dig. Soos vroeër in hierdie artikel verwys ek na die gedig "Brief aan Suid-Afrika" (Van Niekerk, 2013: 177-182) waarin die digter se sterk band met Suid-Afrika beklemtoon word in versreëls soos: "Suid-Afrika, die punt is, jy freak my uit, ek het nie raad nie / quite frankly ek voel fokkol vir Italië" asook "[d]is oor jóú dat ek wil rym" (181). In laasgenoemde gedig kan die leser duidelik aflei dat Van Niekerk as digter 'n sterk band met Suid-Afrika asook met Afrikaans as taal het. Viljoen (2017a: 144) stel dat "die digter se bemoeienis met Afrikaans beskryf word in die gedigte, veral in afdeling vier, waarin die vader besing en beween word as die een wat oorsprong gegee het aan die digter se bewuswording in taal, in hierdie geval 'n taal wat toevallig Afrikaans was". Verder verwys sy ook na Van Niekerk se "geplaastheid in Suid-Afrika".

In hierdie afdeling val die fokus op Van Niekerk as digter-spreker se verhouding met Suid-Afrika en die wyse waarop plek, aldus Buell (2005) se drie dimensies van 'plek', in geselekteerde gedigte bespreek word. In die gedig "Waenhuiskrans" (Van Niekerk, 2013: 189) word die leser gekonfronteer met die beeldryke beskrywing van die gelyknamige Suid-Afrikaanse kusdorpie "Waenhuiskrans" (Waenhuiskrans staan ook as Arniston bekend weens die skip genaamd *Arniston* wat in Mei 1815 daar gestrand het). Smith (2012a: 897) stel dat "die proses waardeur oor plek geskryf en 'n naam aan die plek toegeken word, deel [is] van die proses van identiteitskepping, beide van die plek en van die self".

Ons staar na wolk- en waterprente bo die Agulhasdrif,
na bladsy op bladsy visuele meteorologie van winter aan see.
Sferiese speling, spektrumbreking blou na rooi, reënboogbrokke,
haelbuie, springgetye maak ons tot wiggelaars, harlekyne op toue
met stokke, balle aan duime, tuimelend na 'n verhaal.
A! roep ons, o! kyk daar! Wrakke spruit uit duinerye,
skipbreukelinge kruip katoen in die mond oor die strand
om 'n historiese dagboek met hul lotgevalle te inskribeer,
'n breekspul op see word dienooreenkomstig 'n kerkdak inlandig,
word 'n kersroos aan die kruismas in Elim.
Beiering, sterftes, 'n somber geskiedenis van strewes en rampe
beheer ons gesig, stom dui ons teken, raadpleeg voorsate,
kodekse, konkordanse, etimologieë, genetiese spore –
hoe lank eer ons 'n voorbeeld neem aan vervlieting
soos van hierdie baai wat haar van sug tot sug tot sug aan sand verspil,
wat van haar kleur nie die geringste tussentint weerhou,
'n lug wat sigself geen jota oordadigheid ontsê,
maar dan, sonder hang na sin, sonder die wil
tot 'n chronologie wat meer met mekaar verbind
as ruising aan stilte, as wolke aan wind, as grassie
aan ontroosbare terugwaaiende sout skuim.

In die gedig word plek aan die leser geopenbaar deur middel van Buell (2005) se drie dimensies. Die materiële verwys na die fisiese geplaastheid van die digter-spreker in die spesifieke ruimte, naamlik "Waenhuiskrans". Die titel van die gedig bestaan uit drie morfeme, naamlik "[wa]en", "huis" en "krans" wat heel waarskynlik na die plaaslike grot (krans) verwys wat groot genoeg is om 'n wa te stoor, maar ook as tuiste vir die mensdier kan dien. Hier word reeds met die intrapslag plek geskep aangesien die digter-spreker taal inspan as 'n bewuste taalaksie. Aangesien ruimte volgens Buell (2005) as "associatively thin" beskou word, word die landskap wat aanvanklik vanuit 'n ekokritiese paradigma as ruimte omskryf word, 'plek' deur middel van die mensdier wat die landskap bewoon nadat die paar mensdiere wat die *Arniston*-skeepsramp oorleef het, hulself daar gevestig het: "[w]rakke spruit uit duinerye, / skipbreukelinge kruip katoen in die mond oor die strand / om 'n historiese dagboek met hul lotgevalle te inskribeer / […] [b]eiering, sterftes, 'n somber geskiedenis van strewes en rampe". Die gedig as geheel fokus naas die beskrywing van die plek ook op die historiese konteks van die mensdier se vestiging en gevolglike skep van 'nuwe' plekke: "'n breekspul op see word dienooreenkomstig 'n kerkdak inlandig / word 'n kersroos

aan die kruismas in Elim". "Elim" verwys na 'n sendingstasie wat in 1824 naby Waenhuiskrans gevestig is. Buell (2005: 67) se definisie van "place-making as a culturally inflected process in which nature and culture must be seen as a mutuality rather than separate domains" word dus in die gedig "Waenhuiskrans" uitgebeeld.

In die tweede versreël verwys die spreker na "winter aan see". Laasgenoemde is 'n intertekstuele verwysing na die Nederlandstalige digter Adriaan Roland Holst se gedig "Een winter aan zee" wat in 1937 in sy gelyknamige bundel verskyn het. Volgens Grové en Buning (1963: 159) word Roland Holst se poësie gekenmerk "aan sy afkeer van die moderne beskawing (vir hom deur middel van die stad verbeeld) omdat dit die vyand is van die natuur". Die verwysing na "winter aan see" is belangrik binne die konteks van die gedig, aangesien die spreker die landskap in die eerste vyf versreëls tot in die fynste besonderhede beskryf soortgelyk aan die wyse waarop Roland Holst in "Een winter aan zee" doen: "Eens liep zij hoog te spreken / langs de Noordzee; een dag / kermde er om aan te breken […]" (168). Verdere verwysings na "[v]er zonvuur / en lege zee verdwepen / aan kimwolken een grootsch / weleer nog" […] asook "[a]an den zee-einder / brandt nog een wolkgebied, / waar de Eeuwige door vuurdraken / zijn aftoch dekken liet". Soortgelyk verwys die spreker in "Waenhuiskrans" na "wolk- en waterprente bo die Agulhasrif", "spektrumbreking blou na rooi", "reënboogbrokke" en [hierdie baai] "wat van haar kleur nie die geringste tussentint weerhou" (Van Niekerk, 2013: 189). Deur middel van 'n taalbewuste skryfaksie word taal deur die digter-spreker ingespan om plek deur middel van Russo (2008: 2) se 'kognitiewe kartering' te skep. 'n Vraag wat die kritiese leser hom- of haarself moet afvra, is wat die ekologiese gevolge van die mensdier se aanwesigheid in "Waenhuiskrans" is. Deur middel van ingeplaaste skryf, skep die digter-spreker 'n plek wat as 'subliem' beskou kan word. Dit is egter belangrik dat die leser in gedagte moet hou dat die mensdier se toetrede tot hierdie ruimte wat plek word, "Waenhuiskrans" en die omliggende area ('n ruimte wat eens naamloos was), onherroeplik verander het, soos aangedui deur die spreker se verwysing na die "kerkdak inlandig". Wat eens as ruimte binne die ekokritiek beskryf sou word, word plek deur middel van die mensdier se teenwoordigheid in dié eens ongerepte ruimte.

In die satiriese gedig "Portret van 'n impresario" (2013: 145) word die plek waar spesifiek die Afrikaner[12] (aldus die spreker) 'tuis' voel en as 'tuiste' klassifiseer deur middel van wors as motief verwoord:

Here, kyk hierdie boere-migrant,
hoeveel soorte wors ken hy,
Zwiebeling van Switserland, bloedwors Duits,
varkwors Fries, perdewors met gemaalde
stukkies selakant, poskaarte dra hy in sy sak
van homself as worswaardeerder,
terug in sy huis van glas
op die Afrikaanse rand,
begin hy bou aan sy imperium
saam met gelykgestemde worsfantaste,
en voilá! 'n trop wat onder die torings blaf –
ons het 'n maalvleismanifes
en ons soek 'n derm om te stop,
ons heimwee na ons tuiste is erger as ooit
noudat ons terug is,
en almal moet daarvan weet.
As ons boerewors langs die jaartvuur eet
is óns die ouens wat na die horison staar
met ons drome wat swem in ons oë

In "Die etende Afrikaner: Aantekeninge vir 'n klein topologie" lewer Van Niekerk (2008: 74-91) kommentaar op die Afrikaner se eetgewoontes wat in hierdie gedig relevant is. In haar verhandeling stel Viljoen (2017b) ondersoek in na die kulinêre literatuur van Marlene van Niekerk en fokus onder andere op drie tipes Afrikaanse eters soos deur Van Niekerk gedefinieer.

Die verwysing na "boere-migrant" dui daarop dat die Afrikanerman waarna die spreker in die gedig verwys in talle plekke gewoon het deur middel van "migrasie" óf uit 'n spesifieke land óf, in die konteks van hierdie artikel, na 'n spesifieke plek. Plekke wat deur middel van plekname identifiseer word, sluit in Switserland, Duitsland en Friesland. Die kern van die gedig word egter vervat in die spreker se gehegtheid aan sy plek, naamlik die "Afrikaanse rand". Opvallend is die spreker se verwysing na "sy huis van glas", wat daarop dui dat die Afrikaner-"boere-migrant" moontlik kwesbaar voel, finansiële rykdom geniet of geneig is om die foute en gebreke van ander uit te wys aldus die Afrikaanse gesegde "mense wat in glashuise woon, moenie met klippe gooi nie" (Kritzinger, 1967: 91). Die 'plek' word beklemtoon met die verwysing na die "boere-migrant" wat "terug" is in sy moederland (Suid-Afrika). Ten spyte van al die plekke (lande) wat hy besoek het, word sy identiteit aan plek gekoppel deur middel van Suid-Afrika en meer spesifiek die "Afrikaanse rand". Wors as motief

word gebruik om die "boere-migrant" se gehegtheid aan 'n tradisie of kulturele kenmerk van die Afrikaner te beklemtoon, naamlik die "gelykgestemde worsfantaste" wat "boerewors langs die jaartvuur eet". Die "boere-migrant" se plek kan dus aldus Walter (1988: 142) sensories ervaar word, aangesien plek "gesien, gehoor, geruik, verbeel, liefgehê, gehaat, gevrees en bewonder" kan word. In die geval van die "boere-migrant" en sy "gelykgestemde worsfantaste" is die sensoriese ervaring van plek van so 'n aard wat hul tot 'n gevoel van heimwee dryf: "As ons boerewors langs die jaartvuur eet / is óns die ouens wat na die horison staar / met ons drome wat swem in ons oë". Ook die "boere-migrant" se belydenis dat "ons heimwee na ons tuiste erger [is] as ooit / noudat ons terug is" dui daarop dat plek in die geval van die "boere-migrant" en sy mede-"worsfantaste" as voorbeeld dien van die mensdier se verbintenis en verwantskap met plek en die materiële aard daarvan.

## 5. Gevolgtrekking

In die artikel is 'plek' vanuit 'n ekokritiese paradigma ondersoek. Buell (2005) se drie dimensies van plek word ingespan om die materiële, die digter-spreker se verband met plek, asook taalbewuste skryfaksie aan die hand van geselekteerde gedigte in *Kaar* te ondersoek. Deur middel van 'n stiplees van die gekose gedigte kon 'plek' met spesifieke klem op Suid-Afrika en Nederland in die artikel ondersoek word. Die bespreking van die onderskeie gedigte dui op die mensdier se emosionele, sensoriese en intellektuele gehegtheid aan 'plek' met spesifieke verwysing na die digter-spreker se band met plekke in Nederland en Suid-Afrika. Terselfdertyd word die mensdier se interaksie met die niemensdier en die natuur tydens die Antroposeen belig in terme van plek en die belangrike wisselwerking wat in 'plek' tussen alle lewende en nie-lewende organismes op die planeet geskied. Die bespreking dui verder op die belangrike rol wat plek in die konteks van die ekokritiek as teoretiese paradigma vertolk.

In die huidige konteks van aardverwarming en klimaatsverandering kan die mensdier nie die belangrike rol wat die ekokritiek as teoretiese paradigma vertolk, ignoreer nie. Deur literêre tekste krities en ondersoekend deur 'n ekokritiese lens te bestudeer, kan meer bewusmaking rondom aspekte soos klimaatsverandering en die oorbenutting van natuurlike hulpbronne geskep word. Ons planeet verkeer in 'n krisis oftewel "an ecological crisis" aldus Butfield en Hughes (2021: 11). Die mensdier moet opnuut hul verhouding met die aarde in oënskou neem. Die ekokritiek moet nie bloot as 'n literêre teorie gesien word wat deur literatore bestudeer en op literêre tekste toegepas word nie. In die Globale Suide is die lees van literêre tekste deur 'n ekokritiese

lens nog in die aanvangsfase vergeleke met die Noordelike Halfrond waar die ekokritiek reeds sedert die sewentigerjare aandag geniet.

Ten spyte van sommige literatore wat die ekokritiek as literêre teorie met agterdog bejeën of as 'n 'tendens' beskou wat gaan oorwaai, kan die bydrae wat die ekokritiek tot die bewusmaking van die mensdier se negatiewe uitwerking op die niemensdier en natuur nie geïgnoreer word nie. Die wisselwerking tussen die mensdier, niemensdier en die natuur tydens die Antroposeen kan daagliks regoor die wêreld gesien word: In elke leë dam, mislukte oes, vloed, veranderende weerpatrone, die uitwissing van dier- en plantspesies, stygende oseaanvlakke en pandemies soos Covid-19 wat die mensdier se hele leefwyse tot stilstand gebring het. Die ekokritiek as literêre teorie kan dus nie in die epog van die Antroposeen geïgnoreer word nie.[13]

*Nelson Mandela Universiteit*

## Bronnelys

**Barry, P.** 2009 (1995). *Beginning Theory: An Introduction to Literary and Cultural Theory.* Manchester: Manchester University Press.

**Bezuidenhout, Z.** 2013. Resensie: *Kaar. Versindaba.* http://versindaba.co.za/2013/11/25/resensie-kaar-marlene-van-niekerk/. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Bryson, S.J.** 2005. *The West Side of Any Mountain: Place, Space, and Ecopoetry.* Iowa: University of Iowa Press.

**Buell, L.** 2005. *The Future of Environmental Criticism: Environmental Crisis and Literary Imagination.* Massachusetts: Blackwell Publishing.

**Butfield, C. en Hughes, J.** 2021. *Earthshot: How to Save Our Planet.* London: John Murray.

**Capra, F.** 1995. Deep Ecology – A New Paradigm. In: Sessions, G. (ed.). *Deep Ecology for the 21st Century: Readings on the Philosophy and Practice of the new Environmentalism.* Massachusetts: Shambhala Publications.

**Casey, E.** 1996. "How to get from Space to Place in a Fairly Short Stretch of Time: Phenomenological Prolegomena." In Field, S. en Basso, K. (eds.). *Senses of Place.* Santa Fe: NM School of American Research Press, 13-52.

**Castree, N.** 2014. The Anthropocene and the Environmental Humanities: Extending the Conversation. *Environmental Humanities*, 5: 233-260.

**Dreese, D.N.** (ed.). 2002. *Ecocriticism: Creating Self and Place in Environmental and American Indian Literatures.* New York: Peter Lang.

**Esterhuizen, L.** 2014. Onderhoud met Marlene van Niekerk. *Versindaba.* https://

versindaba.co.za/2014/04/18/onderhoud-met-marlene-van-niekerk/. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Esterhuizen, L.** 2016. Onderhoud met Marlene van Niekerk. Die aarde as oester en ander skryfkundes. *Versindaba.* http://versindaba.co.za/2016/06/16/onderhoud-met-marlene-van-niekerk-die-aarde-as-oester-en-ander-skryfkundes/. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Evernden, N.** 1996. Beyond Ecology: Self, Place, and the Pathetic Fallacy. In: Glotfelty, C. en Fromm, H. (eds.) *The Ecocritical Reader: Landmarks in Literary Ecology.* Athens, Georgia: The University of Georgia Press.

**Flint, R.W.** 2015. A Systems Approach to Sustainable Development: Bioregional approach. Five E's Unlimited. http://www.eeeee.net/bioregionalism.htm. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Grové, A. en Buning, T.J.** 1963. *Digters uit die lae lande.* Pietermaritzburg: Natalse Universiteitspers.

**Haenke, D.** 2017. Bioregionalism and community: A call to action. In: Communities directory: A Guide to Cooperative Living. Langley, WA: Fellowship for Intentional Community, pp. 117-120. https://www.ic.org/wiki/bioregionalism-community-call-action/. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Kannemeyer, J.C.** 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987.* Kaapstad: Academica.

**Koen, D.** 2022. "Om deur die vlegwerk te loer": 'n Ekokritiese analise van geselekteerde gedigte in Marlene van Niekerk se *Kaar* (2013). Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Oos-Londen: Universiteit van Fort Hare.

**Kritzinger, M.S.B. en Sabbagha, N.G.** 1967. *Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings.* Pretoria: J.L. van Schaik.

**La Follette, H. en Shanks, N.** 1996. *Brute Science: Dilemmas of Animal Experimentation.* London: Routledge.

**Lovejoy, A.O.** 2009 (1971). *The Great Chain of Being: A Study of the History of an Idea.* Cambridge: Harvard University Press.

**Luther, J., Pheiffer, F. en Gouws, R.H.** (samests.). (2015). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 6de uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

**Lynch, T., Glotfelty, C. en Armbruster, K.** (eds.). 2012. *The Bioregional Imagination: Literature, Ecology, and Place.* Athens, GA: University of Georgia Press.

**Pieterse, H.** 2017. Variasie en variëteit: 'n Voorlopige verkenning van die voorkoms en funksie van taalvariëteite in *Kaar* (Marlene van Niekerk). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2): 369-386, Junie.

**Rabie, D.** 2020. 'n Mensboom in olifantskoene: 'n postkoloniale ekokritiese analise van *Moerbeibos* (1987) en *Toorbos* (2003) deur Dalene Matthee.

Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

**Ramazani, J.** 2009. *A Transnational Poetics.* Chicago and London: University of Chicago Press.

**Relke, D.** 1999. *Greenwor(l)ds. Ecocritical Readings of Canadian Women's Poetry.* Calgary, Alberta: University of Calgary Press.

**Roodtman, L.** 2022. Die aarde as argief: 'n Geogebaseerde lesing van geselekteerde Karootekste deur Etienne van Heerden. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

**Russo, L.** 2008. Writing Within: Notes on Ecopoetics as Spacial Practice. *How2*, 3(2). https://www.asu.edu/pipercwcenter/how2journal/vol_3_no_2/ecopoetics/essays/russo.html. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Sale, K.** 2016. Bioregionalism. In: Dictionary of American History (Encyclopedia.com). http://www.encyclopedia.com/people/literature-andarts/english-canadian-literature-biographies/bioregionalism. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Smith, S.** 2012a. Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies*, 9(3): 887-928.

**Smith, S.** 2012b. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies*, 9(2): 500–523.

**Snyman, H.** 2013. LitNet Akademies-resensie-essay: *Kaar* 'n klein ensiklopedie van woord en digkuns. *LitNet.* https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-kaar-n-klein-ensiklopedie-van-woord-en-digkuns/. (Datum van gebruik: 10 November 2022).

**Tuan, Y.** 1977. *Space and Place: The Perspective of Experience.* London: University of Minnesota Press.

**Viljoen, L.** 2017a. "'n Postkoloniale Umweltkas": die vraag na 'n transnasionale poëtika in Afrikaans aan die hand van Marlene van Niekerk se *Kaar*. *LitNet Akademies*, 14(3): 133-165.

**Viljoen, M.** 2017b. "Die etende Afrikaner": 'n Ondersoek na die kulinêre literatuur van Marlene van Niekerk. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

**Van Niekerk, M.** 1983. *Groenstaa*r. Kaapstad: Human en Rousseau.

**Van Niekerk, M.** 2008. Die Etende Afrikaner: Aantekeninge vir 'n klein topologie. *Van volksmoeder tot Fokofpolisiekar: Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringsplekke.* In: Grundling, A.M. & Huigen, S. (reds.). Stellenbosch: Sun Press Media, 75-90.

**Van Niekerk, M.** 2013. *Kaar.* Kaapstad: Human & Rousseau.

**Van Niekerk, M.** 2017a. *Gesant van die mispels. Gedigte by skilderye van Adriaen Coorte ca 1659-1707.* Kaapstad: Human en Rousseau.

**Van Niekerk, M.** 2017b. *In die stille agterkamer. Gedigte by skilderye van Jan Mankes 1889-1920.* Kaapstad: Human en Rousseau.

**Walter, E.V.** 1988. *Placeways: A Theory of Human Environment.* Chapel Hill: University of North Carolina Press.

## Note

1. Snyman (2013) se gebruik van die term 'ruimte' verteenwoordig in dié opsig nie 'ruimte' soos dit binne die ekokritiek omskryf word nie, maar eerder die letterlike betekenis van die woord soos in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) gedefinieer.
2. Sien Sale (2016).
3. Hierdie artikel fokus nie op Van Niekerk as transnasionale digter soos deur Viljoen (2017a) in haar artikel ondersoek word nie, maar eerder op 'plek' deur Van Niekerk se band met onderskeidelik Suid-Afrika en Nederland in *Kaar* te ondersoek.
4. Die verwysing na die 'mens' as 'mensdier' word binne die konteks van dierestudies asook postkoloniale ekokritiek as komponent van die groter navorsingsterrein van die ekokritiek in hierdie artikel gebruik. Laasgenoemde term word doelbewus gebruik om spesieïsme (diskriminasie teen lede van 'n ander spesie) te voorkom. Volgens LaFollette en Shanks (1996: 42) kan menslike en niemenslike diere biologies as eiesoortig beskou word, maar verskil hul egter op grond van 'morele relevante opsigte'.
5. Sien ook Rabie (2021: 14-16) se bespreking van ruimte en plek vanuit 'n postkoloniale perspektief.
6. Sien Smith (2012a: 902) se volledige bespreking van Buell (2005) se drie dimensies van plek.
7. Linda Russo (2008: 2) verwys na 'emplaced writing' as "writing within".
8. Sien ook Russo (2008: 2).
9. Bioregionaliteit is nie onbekend vir die inheemse mensdier wat sedert die vroegste tye naby aan die aarde leef nie. Laasgenoemde kulturele groeperinge (soos byvoorbeeld inheemse stamme wat diep en afgesonder in die Amasonewoude in Suid-Amerika woon) is ten volle bewus van die noodsaaklikheid om vir jou eie biostreek te sorg. Derhalwe kan 'n 'gemeenskapsrentmeesterskap van volhoubaarheid tot stand gebring word' (Flint, 2015).
10. Roodtman (2022) omskryf 'bioregionale denke' as "die filosofiese, politiese en kulturele praktyk wat as 'n omgewingsetiek in die daaglikse aktiwiteite van gewone mense manifesteer, en dwing 'n perspektiefverskuiwing na plaaslike omgewings af, na hoe die mens kies om met die wêreld om hom [of haar] om te gaan, asook om hom of haar in te dink in sy of haar verhouding daarmee".
11. Volgens die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) verwys die term "Holland" geografies na die "westelike deel van Nederland" (Luther et al., 2015: 465).
12. Die term 'Afrikaner' verwys hier na die definisie soos per die *Handwoordeboek van die Afrikaanse*

*Taal* (HAT) naamlik 'n "persoon (veral wit) met 'n sterk gevoel van nasietrots wie se moeder- of huistaal Afrikaans is" (Luther et al., 2015: 30). Ek is van mening dat enige persoon van Suid-Afrikaanse herkoms (dus in Suid-Afrika gebore) ongeag ras hom- of haarself as 'Afrikaner' mag identifiseer.

13. Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n gedeelte van 'n hoofstuk uit 'n DPhil-proefskrif (Koen, 2022).